

31 Desember

Psalm 127

(Teks: 127:1) Sonder God alles tevergeefs

Ou stede was ommuur. Slegs by die poorte kon in- en uitgegaan word. By so 'n bewaakte poort het samesprekings plaasgevind tussen die owerheid van die stad en die vyand wat die stad wou verower. As daar dapper soldate in die stad was, kon die koning sy stem dik maak. Daarom word seuns in hierdie Psalm as soldate aangeprys. EN TOG, in vers 1 sê die Woord: "As die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter." Dit lyk dus asof hierdie Psalm homself weerspreek.

"Soos pyle in die hand van 'n held, so is die seuns van die jeug. Gelukkig is die man wat sy pylkoker daarmee gevul het Hulle sal nie beskaamd staan as hulle met die vyande in die poort spreek nie".

Teenstrydig? Nee beslis nie. Wel kom God se soewereine beskikkingsmag en die mens se verantwoordelikheid hier pragtig na vore. Vandag loop nog 'n jaar ten einde. Nog 'n jaar het die Here vir ons gesorg, maar ons het nie hande-gevou gesit nie. Ons moes self bou en ploeg en plant en dip en kinders in die wêreld bring en grootmaak en soldate oplei en studeer.

MAAR, ons het dit alles biddend gedoen, want as die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk dié wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie tevergeefs waak die wagter.

So gaan ons die ou jaar biddende uit en so gaan ons die nuwe jaar biddende in, want sonder die Here is alles tevergeefs.

Sing Psalm 127:1

Ds. P.A. Smit (Emeritus)